Son 21 Februarie (Mat 16:24-26, Lied 378 vs 3) Jesus Christus, toe U mens geword het, het U gesê dat almal wat agter U aan wil kom hulself moet verloën, hul kruis moet opneem en U volg. Laat dit in hierdie lydenstyd vir ons 'n werklikheid word.Help ons om U te volg al het ons dikwels vrese en vrae. Laat ons ons taak vervul en lei ons op U weë.	V	**Son 28 Februarie (Jes 52:13-53:12, Lied 381)** Here Almagtige, U het U Dienskneg, ja U eie Seun gegee om die hoogste vonnis naamlik die doodstraf in ons plek uit te dien volgens U regspraak. Hierdie Goddelike wonder het U laat gebeur om mense te regverdig. U het die prys betaal dat ons vrygespreek kan word! Hoe groot is U genade. Hoe groot is ons dankbaarheid teenoor U! Dankie dat U ons só liefhet.	V	**Son 7 Maart (Lied 383)** Heiland, U het sonder eer vir ons sondes gely. U het aan die kruis gesterf asof die dood regeer. Maar nou word ons in Christus nuut gebore en kan ons met vrymoedigheid na ons Vader toe gaan. Dankie dat ons ook nou U Gees het wat altyd by ons is. Dankie, Drie-enige God, vir soveel liefde en genade.
Ma 22 Februarie (Eseg 18:23) Here, ons is dikwels met skok en afgryse vervul as ons hoor van misdaad en wreedhede, van plaasmoorde en kindermishandeling. U wil nie hê dat sondaars verlore sal gaan nie, maar dat hulle hul sal bekeer van hul verkeerde dade. Ons bid dan nou ernstig vir die redding van misdadigers. Werk asb in die harte van moordenaars, diewe, kapers, dwelmhandelaars, bendes, kinderuitbuiters ens. dat hulle tot inkeer sal kom.	O	**Ma 1 Maart (Joël 2:26-29)** Here God, baie dankie dat U ons gemeente die geleentheid gee om betrokke te wees by die gemeente van Marydale in die Noord-Kaap. Ons dra die nuwe leraar daar aan U op en vra dat U hom self sal toerus vir sy taak. Seën asb die werk wat daar gedoen word. Laat baie mense tot bekering kom en laat U Naam geëer word. Ons bid vir die geestelike groei en opbou van al die lidmate in Marydale	O	**Ma 8 Maart (Eks 23:24-25, Luk 24:47)** Alomteenwoordige God, ons harte gaan uit na ons kinders en kleinkinders wat deesdae oral in die wêreld woon. Dankie dat daar wel kerke is op sommige plekke waar hul kan inskakel. Daar is egter ook baie van hulle wat kerklos is. Herinner hulle asb gedurig daaraan dat hulle verbondskinders is, hou hulle op die regte pad en help hulle om nie verkeerde, gewoontes of vals godsdienste aan te leer nie. Gebruik hulle om die blye boodskap daar in vreemde lande uit te dra.
Di 23 Februarie (Ps 121:1-2, Ps 104) Almagtige God, ons weet dat U net 'n woord kan spreek en die natuur sal U gehoorsaam. Ons tree nou in vir al die plekke in ons land wat gebuk gaan onder ernstige droogte en geweldige hittegolwe, waar mens en dier swaarkry. Here, wees asb genadig, gryp asb in en toon U grootheid en U almag. Stuur asb vir ons genoeg reën oral in die land! Ons vra dit in Jesus se Naam.	L	**Di 2 Maart (Rom 12:13)** Here Jesus, U het nooit mense honger huis toe gestuur nie, maar hulle eers gevoed. Maak ons sensitief vir die nood van ander en vul ons met deernis teenoor hulle wat regtig hulp nodig het. Leer ons om in eenvoud voor U te leef en nie net aan onsself te dink nie. Ons vra ook dat die ekonomie sal verbeter en meer werkgeleenthede geskep sal word. Laat daar weer hoop wees vir hulle wat swaarkry.	L	**Di 9 Maart (Ps 68:7, Mat 11:28-30, Ps 10:17-18)** Barmhartige God, daar is so baie mense om ons met een of ander hartseer in hul binneste – mense wat geliefdes verloor het, of wat seergemaak of ontnugter is. Bring U asb vir hulle vertroosting. Ons bid ook vir ouer mense en vir die wat eensaam is. Help hulle asb om gelukkig te wees ten spyte van hul omstandighede. Baie dankie dat U omgee en verstaan en dat U kan help.
Woe 24 Februarie (Luk 6:27 Matt 18:21-22) Here, telkens wanneer ons verkeerd gedoen het en dit voor U bely, ervaar ons hoe wonderlik dit is as U ons vergewe en die las van ons gemoed af wegneem. Tog is dit vir ons so swaar om ander te vergewe as hulle ons te na gekom of seergemaak het. Leer ons om vergewensgesind te wees. Maak ons los van ou griewe wat ons nog koester en leer ons om waarlik te vergewe	H	**Wo. 3 Maart (Rom 6:22, 1Tim 2:4)** Wonderlike Here, baie dankie dat U ons vrygemaak het van die sonde en in U diens gestel het. U Woord leer ons dat ons heiligmaking sal volg op ons verlossing, en dat ons dan ook die ewige lewe sal hê. Help ons dat ons ons daarvoor sal beywer om heilig en rein te lewe. Gee dat ons geestelik sal groei en sal toeneem in die kennnis van God en van die bybel. Laat ons verhouding met U elke dag inniger word.	H	**Wo 10 Maart (Luk18:1 & 7, Jes 56:7)** Hemelse Vader, maak ons asb 'n biddende gemeente. Wek in ons harte die behoefte om voortdurend met U in gesprek te wees. Laat ons tog niks aanpak voordat ons dit nie eers met U deurgepraat het nie. Laat ons ons afhanklikheid van U besef en gedurig U wil soek. Laat ons die vreugde ervaar om in 'n persoonlike verhouding met U te leef en om ook na U te luister.
Do 25 Februarie (Ps 119:37, Gal 6:2, Luk 10:30 – 37) Skepper-God maak asb al ons sintuie oop sodat ons die wonder van die lewe sal raaksien en voluit sal kan lewe. Laat ons nie doelloos en nutteloos deur die lewe gaan nie. As ons egter ook die wreedheid en die lelike van die wêreld waarneem, laat dit ons vul met deernis teenoor slagoffers van geweld en laat ons help waar ons kan.	A	**Do. 4 Maart (Hand 6:1-15)** Koning, alle gesag is ondergeskik aan U. Dankie dat ons ook ons kerkraad aan U kan opdra en kan vertoru dat U hulle sal lei om die regte besluite te neem. Dankie vir mense wat die gemeente se belange op die hart dra en wat bereid is om opofferings te maak in U diens. Ons vra dat U asb in hul harte sal werk sodat hulle steeds sal toeneem in ywer. Vul hul lewens met U liefde en met die vrug van die Gees.	A	**Do 11 Maart (1 Tess 5:11 - 18)** Ons Vader, wees asb met ons kleingroepbediening. As kinders van U is ons nou inderwaarheid broers en susters in U familie. Daarom moet ons mekaar moed inpraat, vir mekaar omgee en mekaar se geloof sterk maak. In die kleingroepe kan ons mekaar ondersteun en meer van U leer. Help ons om mekaar altyd te respekteer, om mekaar op te bou en by die waarheid te bly. Help ons om liefde uit te leef.
Vry 26 Februarie (Spr 17:9, Pred 9:9) Here, seën asb elke huwelik in ons gemeente. Gee dat mans en vrouens mekaar weer opnuut sal waardeer en sal liefhê. Maak elkeen bereid om die minste te wees en na die ander een se behoeftes om te sien. Laat hulle bedagsaam en liefdevol teenoor mekaar optree en help hulle om te vergewe. Laat hulle getrou wees teenoor mekaar. Bewaar asb elke huwelik teen die aanslae van die bose.	R	**Vry 5 Maart (Matt 18:18-20)** Barmhartige en genadige God, seën asb elke byeenkoms waar vroue regoor die wêreld bymekaar kom om te bid. Laat elke gebed deur U Heilige Gees geïnspireer word, ook waar vrouens dalk alleen in hul binnekamer of elders tot U bid. Baie dankie vir die wonderlike geleentheid wat christenvroue het om saam te bid. Baie dankie vir die versekering dat waar 2 of 3 in U Naam vergader, U daar teenwoordig is.	R	**Vry 12 Maart (1Sam 12:20-24, Ps 1:1-3)** Here, ons dra die jeugbediening aan U op. Wil U asb almal wat betrokke is toerus met die nodige kennis, vaardigheid, entoesiasme, getrouheid, liefde en geduld. Laat hulle op so 'n wyse met die kinders en jongmense werk, dat die jeug 'n liefde vir U en vir U Woord sal ontwikkel. Laat die kinders onderrig word in die goeie en regte pad sodat hulle U opreg en met hul hele hart sal dien en gehoorsaam.
Sat 27 Februarie (Jer 3:15) Here, ons besef dat ons in 'n tyd lewe waar beplanning noodsaaklik is. Ons bid dat ons leraars en leiers egter nooit op eie insigte sal staatmaak wanneer hulle beplan nie, maar U leiding sal vra en daarop sal wag. Laat hulle dagboeke ook nie so vol afsprake wees dat daar nie tyd sal wees vir die dinge wat U onverwags op hul pad bring nie. Maak hulle herdes na aan U hart wat ons verstandig en met insig sal lei.	D	**Sat 6 Maart (Luk 7:40, Matt 19:26)** Regverdige en liefdevolle Vader, ons dra vandag elke byeenkoms waar christenmans in U Naam vergader, aan U op. Lei asb hul gebede sodat dit in ooreenstemming met U wil sal wees. Verhoor asb elke gebed op U tyd en volgens U alwyse raadsbesluit. Baie dankie dat daar deesdae so baie geleenthede is waar mans saambid. Werk asb in hul harte sodat daar 'n geestelike herlewing sal plaasvind en hul sal groei in hul verhouding met U.	D	**Sat 13 Maart 1 Sam 7:3, 1Kron 4:10)** Grote God, werk asb kragtig in ons gemeente. Laat elke kind en volwassene meer toegewyd en gehoorsaam aan U lewe. Ons bid vir geestelike groei en oorgawe. Bind ons as gemeente saam in 'n hegte eenheid. Laat U wil geskied in ons lewens en gebruik ons tot U eer. Laat elkeen van ons ontdek waar en hoe U ons wil gebruk. Maak ons ook tot 'n seën vir die gemeenskap en mense rondom ons.